# Inventory of the private collection of

# AK McPherson

# PV62


## Contact us

**Write to:**
Archive for Contemporary Affairs
University of the Free State
P.O. Box 2320
Bloemfontein 9300
South Africa

**Visit us:**
Archive for Contemporary Affairs
Stef Coetzee Building
Room 109
Academic Avenue South
University of the Free State
205 Nelson Mandela Drive
Park West
Bloemfontein

**Telephone:**
+27(0)51 401 2418/2646/2225

**Email:**
arca@ufs.ac.za

KATALOGUS VAN DIE PRIVATE DOKUMENTEVERSAMELING VAN MNR. A. K. McPHERSON

INLEIDING

1. TOEGANKLIKHEID

Kragtens die skenkingsvoorwaardes kan insae alleen verkry word met verlof van die Direkteur van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis òf mev. A. McPherson òf haar gevolmagtigde.

2. CURRICULUM VITAE

A. K. McPherson is op 5 Augustus 1875 te Forfar, Skotland gebore en emigreer in 1887 saam met sy twee broers na Suid-Afrika. Hy vestig hom op Queenstown waar hy met mej. Anne Hall in die huwelik tree.

Kort nadat hy in Suid-Afrika aangekom het, sluit hy by 'n drukkersfirma, wat hy na 'n paar jaar oorneem, aan. In samewerking met 'n vriend gee hulle die Queenstown Daily Representative and Free Press uit, maar in 1921 word die koerant deur die Daily Dispatch oorgeneem en word mnr. McPherson op die Raad van Direkteure aangestel. Hierdie amp het hy vir vyf en dertig jaar beklee, terwyl hy ook aangebly het as besturende direkteur van die Daily Representative op Queenstown.

Nieteenstaande mnr. McPherson se belangstelling in die pers, het hy saam met die Queenstown Volunteer Rifles aan die Anglo Boere-oorlog deelgeneem. Verder was hy ook o.m. president van die persunie vir die jare 1928 tot 1929, president van die Cape Eastern Public Bodies vir die jare 1932 tot 1946 en president van Queenstown se Kamer van Koophandel vir die jare 1929 tot 1931 en 1940 tot 1942. [1]

3. DIE DOKUMENTE EN HUL ORDENING

3.1. HERKOMS

Hierdie versameling is deur mev. A. McPherson aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis oorhandig.

3.2. ORDENING

Weens die relatiewe klein omvang van die versameling is die dokumente slegs chronologies gerangskik en is 'n katalogus daarvan opgestel.

---

1 Daily Dispatch, 27 Mei 1957, p. 7.

4. OMVANG EN FISIESE TOESTAND

Die versameling is in 'n goeie toestand van bewaring en beslaan 0,02 meter rakruimte.

# KATALOGUS

| Item No. | Aard van dokument | Beskrywing | Datum |
|---|---|---|---|
| 1 | Brief | Genl. J. B. M. Hertzog aan mnr. A. K. McPherson i. v. m. verblyf te Queenstown. | 25 Okt. 1938 |
| 2 | do | do | 16 Feb. 1941 |
| 3 | Koerantknipsel | Death of a Prominent Border Personality - The late Mr. A. K. McPherson. | 27 Mei 1957 |
| 4 | do | The Voice of the city (Dood van mnr. McPherson). | Mei 1957 |
| 5 | do | Historic Photograph (Kongres van Oos-Kaapse Openbare Liggame, 1938). | 2 Des. 1966 |

23/9/97